NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 16 – Uitgawe 8

23 Maart 2023

Gemeente Noordelike Pretoria verkoop hul kerkgebou

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Baie van u wat hierdie artikel lees, het al 'n huis verkoop. Dit gaan gepaard met gemengde gevoelens, vrae, onsekerheid, en opwinding.

Weens 'n verskeidenheid faktore wat met verloop van tyd plaasgevind het, het Gemeente Noordelike Pretoria se lidmate die afgelope tyd hierdie gevoelens beleef. Die werklikheid het ingetree van: *Ons kan nie meer die eiendomme in stand hou en ons verpligtinge nakom nie.*

Die gemeente het vas bly staan: Gemeente Noordelike Pretoria moet behoue bly. Ons is die tweede oudste gemeente in Pretoria en word hierdie jaar 89 jaar oud.

In Augustus 2022 het ds Robert van Niekerk die gemeentevergadering gehou, en die verkoop van die kerkgebou is bespreek. Na verskeie voorstelle en opmerkings het die gemeente ten gunste daarvan gestem. 'n Voorstel om die pastorie te omskep in 'n gemeenskapsaal en kantore is gemaak. Dit sou kon dien as plek van aanbidding. Een van die groot oorwegings vir hierdie voorstel was om Jannie Nel, 'n geliefde en kosbare lid van die gemeente wat serebraal gestremd is, te akkommodeer.

Die ring van Magalies is in kennis gestel, raad is ontvang en reëls is bespreek. Met 'n volgende gemeentevergadering in Oktober 2022 word 'n eenparige besluit geneem om die kerkgebou te verkoop so na aan die waardasieprys as moontlik. Die gemeente klou nog aan die idee van die pastorie-ombouing, maar die koste daaraan verbonde moet nagevors word.

Ondertussen kry die gemeente 'n markverwante aanbod vir die kerkgebou van die World Mission Society Church of God in South Africa. Die gemeente stem eenparig dat die aanbod aanvaar word. Die kopers stel ook belang in die pastorie, maar maak 'n "belaglike" aanbod wat dadelik van die hand gewys word. Vanuit die gemeente kom die voorstel dat as hulle die aanbod verdubbel, ons dan die pastorie ook sal verkoop. Die volgende Sondag is die dubbele aanbod gemaak, en die pastorie word ook verkoop. Die nuwe kopers stel egter nie in die kansel, orrel of kerkklok belang nie.

Die gemeente het drie opsies: Ontbind, en elke gemeentelid vind 'n nuwe heenkome; huur 'n saal om eredienste te hou; of samewerking met 'n ander gemeente. Na navorsing en navraag kan geen geskikte saal gevind word nie.

Voelers word uitgesteek na twee gemeentes in die ring vir samewerking: Pierneef, met dr Deon du Toit, en Wonderboompoort, met ds Mari-Louise Calder en oudl Wynand Viljoen wat in gesprek getree het. Die gemeente het met stemming besluit om met Wonderboompoort saam te werk. Daar is afgevaardigdes van al twee gemeentes aangewys om 'n samewerkingsooreenkoms te bespreek. Die skribas het opdrag om die dokumentasie vir die ooreenkoms op te stel.

Struikelblokke kom oral voor – ook hier: Die buurvrou het 'n prokureursbrief gestuur waarin beweer word dat "kerk" van haar grond gesteel het. Dit het veroorsaak dat met alles halt geroep word vir 'n week sodat 'n landmeter die nodige opmetings kon doen. Die uiteinde was darem ten gunste van die Kerk, en ons kon voortgaan.

Ons bid vir die Here se lig, liefde en leiding met hierdie samewerkingsooreenkoms. Oor een saak is ons baie seker: Dit gaan nie oor ons as mense nie, maar om die eer en verheerliking van God. Christus hou self sy kerk in stand.

Oudl Gerrit en Bessie de Vries
Gemeente Noordelike Pretoria

Ds Herman Jansen van Rensburg

Mnr Kobus Viljoen

Ds Anel Boshoff

Ds Etienne Fourie

Ds Attie Hattingh

Ds Naas Lombard

Lief en leed

- Emerituspredikant **ds HJ (Herman) Jansen van Rensburg** (75) het verneem dat hy fase 4-kanker het. Ons bid ds Herman en sy vrou, Jakkie, baie sterkte toe in hierdie moeilike tyd.

- Ons het onlangs berig dat **mnr Kobus Viljoen**, vroeër administrateur van die NHKA, gedurende September 2022 ’n knievervanging ondergaan het, maar dat die prostese verwyder moes word omdat hy ’n kiem in die been opgetel het. Die knievervanging sal nou op 26 April voltooi word. Ons bid hom sterkte en volkome herstel toe. Mnr Viljoen en sy vrou, Gonda, is lidmate van Gemeente Pierneef.

- **Ds AC (Anel) Boshoff** (beroepafwagtend) en haar man, Neels, verwag hul tweede baba, Annabella, op 5 September. Ons hoor boetie Nikolas het vir Jesus gevra vir ’n babasussie! Baie geluk aan die gesin.

- **Ds EG (Etienne) Fourie** se emeritaataanvaarding vind plaas op Sondag 23 April 2023 om 09:00 by Gemeente Kempten, hv Blouborsie- en Lorethastraat, Van Riebeeckpark.

- **Ds AJ (Attie) Hattingh** se 25-jaar-ampsjubileum vind plaas op Sondag 23 April 2023 by Gemeente Krugersdorp-Noord, hv President- en Krugerstraat, Krugersdorp-Noord. Die tyd is nog nie bevestig nie, maar dit sal so wees dat ander kollegas dit na hul eredienste ook sal kan bywoon.

- **Die volgende predikante verjaar tot 31 Maart, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 23 Maart: Ds FB (Bernie) Sneygans (61) (Hartebeestpoort)
  - Vrydag 24 Maart: Ds JM (Janine) Bevolo-Manders (52) (Witfontein/Rustenburg-Tuine)
  - Saterdag 25 Maart: Ds BJ (Barnie) van der Walt) (65) (Namib-Suid)
  - Sondag 26 Maart: Ds DJP (Dirk) Stoltz (78) (emeritus)
  - Maandag 27 Maart: Ds JBMH (Barry) van Schalkwyk (60) (Drie Riviere-Oos)
  - Dinsdag 28 Maart: Di LJ (Lorret) de Leeuw (43) (Breyten), MD (Mariët) Robbertze (59) (Philadelphia) en JJ (Jaco) van Sittert (44) (Randburg)
  - Woensdag 29 Maart: Dr FJ (Frans) Boshoff (77) (emeritus/Chrissiesmeer)

Gemeentes en bediening

- **Ds IM (Naas) Lombard** (64) van Suidoos-Witbank aanvaar op 4 Junie 2023 vervroegde emeritaat.

- Die Kommissie van die AKV het drr DJ (Deon) du Toit, GC (Gerhard) Lindeque, di A (Annerie) Conradie, L (Leon) Geel (jr), R (Rue) Hopley en L (Lisa-Mari) Prinsloo as die **Proponentseksamenkommissie** benoem.

- **Oudl Gerrit de Vries** van **Noordelike Pretoria** het laat weet dat hul kansel ’n tuiste gevind het by ’n gemeente in Soshanguve. Die nuwe eienaars is baie opgewonde, en het die kansel Dinsdag 21 Maart kom haal. Hulle het Gemeente Noordelike Pretoria gekontak op versoek van mev Louise Geyser.

- **Kanselruil op 19 Maart 2023:** “Met die besluit tot samewerking tussen Wonderboompoort en Noordelike Pretoria, was die gedagte nie vir afsonderlike eredienste nie, maar gesamentlike eredienste – ’n bietjie bederf van die predikante met verrassing vir die gemeentes: Watter dominee preek vandag? Die twee dominees, **ds Robert van Niekerk en ds Mari-Louise Calder**, het op ’n voorstel besluit om in die middel van Maart kansels te ruil, sodat die twee gemeentes voorgestel kon word aan die ‘nuwe’ samewerkende predikante vir die onderskeie gemeentes.

  So het ds Mari-Louise dan Sondag 19 Maart by Noordelike Pretoria gepreek met hooftema:

Lyding wat inpas by die lydensweke van Christus. Haar preek was gegrond op die gebeure rondom dr Hannelie Groenewald, ’n mediese dokter in Kaboel, wie se man, ds Werner Groenewald, en twee kinders in 2014 deur die Taliban doodgeskiet is. Hul tuiste is verbrand, terwyl sy by die hospitaal diens gedoen het. Die kern van die preek was: Hoe verwerk ’n mens lyding? Deur alles is God teenwoordig, en dis deur God se teenwoordigheid, wat Jesus vir ons moontlik gemaak het, dat ons lyding kan verwerk. Jesus was van God verlate in sy lyding aan die kruis, sodat ons vir altyd in sy teenwoordigheid kan wees, selfs in die middel van ons lyding. En dan moet ons getuienisse word van God se krag en genade, sodat ander troos daarin kan vind. Die Skriflesing vir ds Mari-Louise se preek was Markus 1: 9-15.

Soos ons haar preek as opbouend ervaar het, weet ons dat Wonderboompoort ook ervaar het dat die Heilige Gees deur ds Robert gespreek het.” (Oudl Gerrit de Vries, Noordelike Pretoria)

- Slegs predikante wat bereid is om ’n beroep te aanvaar, word voortaan as **beroepafwagtende predikante** gereken en bly deel van die Kerk se pensioenfonds. Predikante wat aandui dat hulle nie ’n beroep sal aanvaar nie, word aangedui as predikante met ampsvoorreg, maar is **nie-diensdoende predikante** en nie langer lid van die Kerk se pensioenfonds nie. Predikante wat na die **buiteland** verhuis, bly vir 12 maande beroepafwagtende predikante, waarna hulle nie-diensdoende predikante met ampsvoorreg word en nie langer lid van die Kerk se pensioenfonds is nie.

- Tydens hul vergadering aan die begin van Maart 2023 het die Kommissie van die AKV ’n **bekendmakingsbeleid** goedgekeur. Die doel van die beleid is om vir die NHKA, insluitende haar verwante organisasies, ringe en gemeentes, ’n werksomgewing te bevorder wat veilig, verantwoordelik, verantwoordbaar en responsief is. Alle werknemers, predikante en lidmate word aangemoedig om oortredings en/of onetiese handelinge aan te meld, sonder vrees vir beroepsbenadeling of vergelding. Alhoewel verskeie definisies aan fluitjieblaas toegeskryf kan word, sal dit vir die Kerk se doeleindes beteken dat ’n besorgdheid geopper en wanpraktyke binne die Kerk gekommunikeer word.

- **Gemeente Losberg** is in Mei 1925 gestig. Oor twee jaar is die gemeente 100 jaar oud. Al die predikante wat nog met ons is, asook gemeentelede wat sedert 1925 by die gemeente betrokke was, word vriendelik versoek om enige inligting, foto’s, staaltjies en gebeure waaroor hulle beskik, te stuur aan Frikkie Boshoff per e-pos (**frikkiesan@gmail.com**). Baie dankie by voorbaat!

- **Gemeente Naboomspruit: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur na **nedhervkerknbs@gmail.com** of Marlene kontak by 014 743 1325 tydens kantoorure (08:00-13:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is op die hoek van Vyfdelaan en Nelson Mandelarylaan in Naboomspruit.

- **WERKRUIMTE VIR VOLTYDSE BEDIENING: GEMEENTE SWELLENDAM**

  Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om die werkruimte te vul ná die emeritaatsaanvaarding van die huidige predikant op 30 Junie 2023.

  Gemeente: Die gemeente dink met ’n Kopspiritualiteit oor Kerk, maar funksioneer in hulself met ’n Hart- en-Hand-spiritualiteit. Die gemeente is gereed vir groei en sal veral wil fokus op ’n herontdekking van hul roeping. Die gemeente is 65 jaar oud. Die gemiddelde ouderdom van die gemeente se 190 belydende lidmate en 16 dooplidmate is 57 jaar. Dit is ’n pastorale gemeente.

  Die gemeente het kerkgeboue in Swellendam en Bredasdorp en daar word elke Sondag op albei plekke ’n erediens gehou. Die pastorie is in Swellendam. Die lidmate woon in 14 verskillende dorpe, daarom is kontak met die lidmate en huisbesoek baie belangrik. Pligte soos in die Kerkorde moet uitgevoer word.

  Die riglyne vir die versorging soos voorgestel deur die Sinodale Dienssentrum word gevolg. Die gemeente kan die predikant tans vergoed tot op die sinodale riglyne vir ’n predikant met 9-10 jaar diens. Enige predikant met meer diensjare, wat vir ’n versorging tot op 10 jaar kan begin werk, is welkom om aansoek te doen.

  Leraarsprofiel: Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kudde. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente baie belangrik.

  Aansoeke sluit op 27 Maart 2023. Aansoeke moet vergesel wees van ’n CV wat ’n kort verslag van die afgelope drie jaar se VBO-krediete insluit. Dit moet gestuur word aan die skriba by **nhkswellendam@gmail.com**. Enige ander navrae kan aan dieselfde adres gerig word. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie.

- **WERKRUIMTE: SAMEWERKENDE GEMEENTES LOUIS TRICHARDT, ZOUTPANSBERG EN VAN WARMELO**

  Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie bedieningsruimte te vul.

  Gemeenteprofiel: Die samewerkende gemeentes is Louis Trichardt en Zoutpansberg te Louis Trichardt tesame met Van Warmelo te Alldays. Die drie gemeentes is binne die ring van Noordelike Bosveld. Die Louis Trichardt-gemeentes het ’n gesamentlike sieletal van ongeveer 80, terwyl Van Warmelo ’n sieletal van ongeveer 68 het. Die gemeentes het trauma beleef na die skeuring wat in die NHKA plaasgevind het. Predikante wat belangstel, moet kennis neem dat daar, in samewerking met die kerkrade, uitdagings sal wees om weer vertroue en samehorigheid in die gemeentes te vestig.

  Versorging: Die intreeskale van die Kerk is gebruik as riglyn vir die samestelling van die versorging wat insluit subsidie vir behuising, reiskoste, pensioen en medies.

Aansoeke: Aansoeke sluit op 31 Maart 2023 en moet vergesel wees van ’n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van twee referente insluit. Aansoeke word gestuur aan die skriba van die samewerkende gemeentes, oudl DJ (Dirk) Harmse (**djharmse@gmail.com**).

Diensaanvaarding: So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar.

Die kerkrade behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot en mag self ander kandidate nader. Indien nodig, sal die pos weer geadverteer word.

Vir enige navrae, kontak oudl Dirk Harmse by 082 921 0477.

Vergaderings

- Dinsdag 28 Maart: Kuratorium

Ringsvergaderings 2023

RING	VERGADERPLEK	DATUMS
BLOEMFONTEIN	Bloemfontein	5 en 6 Mei
BOTHAVILLE		
BRAKPAN	Selcourt	7 Mei
BRONKHORSTSPRUIT	Delmas	6 Mei
CHRISSIESMEER	Carolina	6 Mei
DORSLAND	Tsumeb	12 en 13 Mei
GERMISTON	Groeneweide	11 Junie
HOËVELD	Eendracht	4 Maart
JOHANNESBURG	Johannesburg	13 Mei
KLERKSDORP	Doringkruin	21 Mei
KROKODILRIVIER	Ruskoppies	8 Mei
KRUGERSDORP	Magaliesburg	6 Mei
LAEVELD	Letsitele	23 Julie
LOSBERG	Carletonville	3 Junie
MAGALIES	Noordwestelike Pretoria	7 Mei
MAQUASSI	Bosmansrust	4 Junie
MIDDELBURG	Dullstroom	3 Junie
NOORDELIKE BOSVELD	Piet Potgieter	7 Junie
NOORDELIKE NATAL	Glencoe	6 Mei
NOORD-KAAPLAND	Vryburg	22 April
OOS-KAAPLAND	Sionshoogte	13 Mei
PIETERMARITZBURG	Durban-Suid	13 Mei

POTCHEFSTROOM	Grimbeekpark	21 Mei
PRETORIA	Ons Tuis	4 Junie
PRETORIA-WES	Rooihuiskraal	7 Mei
ROODEPOORT	El-Flora	7 Mei
RUSTENBURG	Rustenburg-Suid	11 Mei
SWELLENDAM	Swellendam	6 Mei
VEREENIGING	Vereeniging	6 Mei
WES-KAAPLAND	Stellenbosch	27 Mei
ZEERUST	Ventersdorp	13 Mei
ZUURFONTEIN	Zuurfontein	10 Mei

Kerklike en ander publikasies

- Lees die Herfs 2023-uitgawe van die **gratis publikasie *Lalasini*** by **https://www.lalasini.co.za/om/index.html#p=1**. Hierdie is reeds die vyfde uitgawe van dié lekkerleesblad. In sy redaksionele berig skryf **dr Piet van Staden** (emeritus/Worcester) oor seisoenale konstantes en veranderlikes. Daar is artikels oor onder meer Witrivier, kampering in die 1950's en 1960's, die evolusie van walvisse en dolfyne, en hoe om jou eie begroting op te stel. En sommer vir die lekker vyf gedigte oor herfs!

- Hierdie Gedenkalbum het in 2017 verskyn onder redakteurskap van dr Wian Kloppers. Dit was maar die **tweede gedenkalbum van hierdie omvang** in die geskiedenis van die NHKA. Bestel dié pragboek teen 50%-afslag – nou net R150 (versending uitgesluit) – van mev Sarie Roux by **boekwinkel@nhk.co.za**.



- Die NHKA se ***Almanak 2023*** is uitverkoop. Daar is egter nog verskeie eksemplare van *Almanak 2022* beskikbaar, nou teen **R90 elk (versending uitgesluit)**. Hoewel van die besonderhede natuurlik verander het, is die *Almanak*-inligting nog grootliks bruikbaar. Die tekste in die ***Bybelse Dagboek*** is steeds opbouend en kan vir lesers inspirasie en hoop bring, al het die datums en kerklike feesdae intussen aangeskuif. Bestel by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za.**

- Ons nooi graag die NHKA se predikante om **preke (sonder liturgie) te stuur** na **annelie.botha@up.ac.za** vir plasing op die Kerk se webblad by **https://nhka.org/die-woord/preke/**.

SP Engelbrecht-museum

- Die **SPE-museum en Gemeente Wonderboompoort** (waar die Museum in ’n 1905-kerkie geleë is) **benodig borge** vir gewone wit verf om die geboutjie te verf. Die gebou van die NHKA se Kerkmuseum ondergaan tans restourasie: elektriese werk, dak en geute is geverf, en tans word die vensters se stopverf vervang en die rame geverf. Nou moet die mure geverf kom. Ons kort ook wit Micatex-verf, 16 x 20 liter, asook onderlaagbeskerming teen vog in die 1905-kerkie. Ons benodig ook arbeiders en stellasies. Ons reken ons benodig ongeveer R50 000, vir deure en veiligheidshekke ook. Kan iemand moontlik help met ’n donasie? Kontak ds Carel Johann de Bruin by **careljohann@gmail.com** of 082 733 3951.

’n Gedig

Plasse sterre

Plasse sterre
sterremere seë van sterre
by Nossob
staan jy oopmond
verstom
vir die verstommende sterre
so naby dat jy net maar jou hand kan lig
jou oop mond oop kan hou om strome
storms sterre te sluk

Marié Blomerus
(Uit: *Ithaka*, 1985)

Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

Toerusting

- **Openbare lesing: Dr Marian Gh Simion**
  Tema: *Artificial Intelligence, Human Integrity and Education*
  Woensdag 29 Maart 19:00-20:30
  Eeufeessaal, Kamer 2-10, Teologiegebou, UP Hatfield-Kampus
  Navrae: Me Rientile Mabasa **rientile.mabasa@up.ac.za**

- **Stasies van die kruis by NHKA Centurion-Oos,** Napierweg 103, Lyttelton. Die stasies van die kruis bied ons die geleentheid om in ons eie leefwêreld ’n pelgrimstog te onderneem en in die gees die krag van die Pase te beleef. Jy is welkom om dit saam te kom beleef **op**

jou eie tyd. Dit sal sinvol wees om ’n uur of meer opsy te sit om deur die stasies te beweeg. Daar is ’n handleiding by die begin van die stasies. Donasies welkom, of niebederfbare voedsel.

- Maandag 3 April: 09:00-12:00; 16:00-20:00
- Dinsdag 4 April: 09:00-12:00
- Woensdag 5 April: 09:00-12:00; 16:00-20:00
- Donderdag 6 April: 09:00-12:00; 16:00-18:30
- Vrydag 7 April: 10:30-13:00
- Saterdag 8 April: 10:00-13:00

- **Mentorskap-opleiding.** Op **24 en 25 April 2023** van 09:00 tot 16:00 vind ’n gratis aanlyn toerustingsgeleentheid vir predikante plaas. Dit is vir die Kerk belangrik om te belê in die opleiding, groei, ondersteuning en begeleiding van predikante. Alle belangstellendes is welkom. Kontak ds Lisa-Mari Prinsloo by **lisamari.swanepoel@gmail.com** om jou plek te bespreek.

- Die **ATKV** bied verskeie **geestelike retraites** aan, by Buffelspoort en in die Kaap by Goudini Spa. Kontak ds Gys van Schoor by **gysvs@iafrica.com** vir meer inligting oor kursusfooie en beskikbaarheid. Besprekings by 014 572 1000 of **buffelspoort@atkv.org.za** (Buffelspoort) en 023 349 8181 of **konfgo@atkv.org.za** (Goudini).
  Buffelspoort – naweek van spirituele vorming
  - 5-7 Mei 2023
  - 21-23 Julie 2023
  - 13-15 Oktober 2023

Barmhartigheid

- **Belfast Rusoord.** Kom raak rustig in ons goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike seniorburgers. Ons bied 24-uur mediese versorging; CCTV; 24-uur-toegangsbeheer; drie gebalanseerde maaltye per dag; en aktiwiteite vir elkeen.
  Semiversorgend: R6 180
  Verswakte bejaardes: R6 720
  Woonstelle (selfversorgend)
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R2 830
  Eenslaapkamer: R4 500
  Tweeslaapkamer: R6 070
  Kontak ons bestuurder vir enige navrae
  Riana de Villiers 013 253 31211 / 063 663 7449 **manager@belfastrusoord.co.za**

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede
  Enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer
  Verblyf met drie etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  navrae@athalia.co.za
  www.athalia.co.za

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse

wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

Fondsinsamelings

- **Benoryn Familiekerk bied aan:**
  Frank Opperman: *Ek wens ek wens...*
  Teks en regie: Phillip Rademeyer
  Na die roman deur Zirk van den Berg
  Saterdag 22 April 2023 om 19:00
  Venue: Hoërskool Brandwag
  R150
  Navrae: Corne 083 391 1368

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

Gebed vir die week

Ons Vader,
ons het genoeg sinnelose geweld gesien.
Ons is nou gereed om na U te luister.
Wys ons hoe om u volmaakte vrede
na ons gebroke wêreld te bring.
Amen.

www.uniteinprayer.org

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)

Redakteur:	Dr Johan van Staden
Subredakteurs:	Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder:	Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar:	Mnr Hugo van Niekerk